

Die Pad van Waarheid tot die Lewe

BybelVertalingsProjek

Bespreking van die wet

1

Inleiding tot die Wet

## Inleiding

- Behoeftte en nodigheid vir ondersoek
- Name en Bybelboekname wat gebruik word
- Vertaling wat gebruik word
- Jy het nodig:
  - ‘n Ware begeerte na die waarheid.
- Om Hom volmaak te dien, moet ons Sy wil ken en doen. Ons skeppingsdoel.

## Onderwerpe in hierdie wet-reeks

- Nuwe bewuswording van die Waarheid
- Wettiesheid teenoor gehoorsaamheid
- Watter wet?
- Doel van die wet.
- Geldigheid van die wet.
- Omvang van die wet.
- Tydperk / duur van die wet.
- Sha’ul, eerste kerk en die wet.
- “Probleem” Skrifgedeeltes
  - In hierdie reeks gaan ons al hierdie sake in diepte probeer beantwoord.

## Nuwe bewuswording.

Na die dood van die Afgevaardigdes wat by Yeshua self gehoor het, het 'n leer ontstaan wat gebaseer is op ander standaarde.

Interpretasies ; opinies ; Teologieë (my kennis van God); strukture en die verwerping van die Wet en Woord van God as standaard.

Dit is die een kant van die pendulum. Met tyd het veranderinge en terugkere in beperkte mate, vanaf Luther tot vandag, plaasgevind.


In hierdie dae begin baie uitstap uit hierdie mensgemaakte "godsdiens" en begin soek na hoe om die Ware Lewende Skepper God in Waarheid en Gees te dien.

Dit het so vinnig gebeur dat die pendulum van Waarheid skoon verby geswaai het. In hulle ywer het hulle in opstand gekom teen die leuen wat as waarheid verkondig is en blindelings gaan soek, met goeie bedoelings, sonder om te toets volgens ons enigste standaard, die Waarheid in die volle Woord van God.

Vanaf mensewette en Kerkwette aan die een kant, wetteloos, vry volgens eie standaarde,

NA

Joodse mensewette en gebruike aan die ander kant, bygevoeg by Sy wette, wettiese navolging van voorskrifte sonder begrip of die Gees.



Vanaf “Nuwe Testament” alleen

Net Yeshua maak saak

OT het weggeval

Genade is genoeg.

NA

Mondelingse wet en voorskrifte

Torah is ons fondasie

Tanakh is al wat belangrik is

Sha’ul en ander het die wet sleg gepraat en word dus verwerp

Vanaf "weggelaat" NA "bygevoeg."

Oordeel self.

**Deut 4:2** Julle mag by die boodskap wat ek julle beveel, **niks byvoeg nie en ook niks wegvat nie**, om die opdragte van יהוה, julle God, te onderhou, wat ek julle beveel.

**Deut 12:32** Wat ek julle ook al beveel, dit moet julle doen; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van wegvat nie.

Dit is ons enigste aanvaarbare standaard.

Jy kan nie die boodskap van die Tanakh korrek verstaan sonder die volheid in Yeshua en die Nuwe Verbond nie. Jy kan ook nie die Nuwe Verbond se boodskap korrek verstaan sonder die bloudrukplan van die Tanakh nie. Elke saak moet volledig behandel word volgens die hele skrif - dit alleen is volle waarheid.

Kom ons kom terug na die **Sentrale punt van rus** in die pendulum.

## **SY WIL en SY WOORD ALLEEN.**

Hierdie is ons nederige poging om Sy kinders op Sy Pad of Lewenstandaard te help, volgens Sy reëls, wette en opdragte. Ons gaan in hierdie inleiding tot die aspekte van God se wet liggies raak aan die aspekte en vrae wat mense het en dan elkeen in diepte bestudeer. Ons wil graag elkeen van jou vrae en twyfels beantwoord

Is jou begeerte die **VOLLE WAARHEID** en **NIKS ANDERS AS DIE WAARHEID**  
nie ??

## WATTER WET?

### Die Stelling:

Ons volg en gehoorsaam die Wet van God en nie van Moshe nie.

Ezra 7:6 ".....Hy was 'n skrifgeleerde, geskool in die wet van Moshe, wat יהוה, die God van Yisra'el, gegee het. Die koning het aan hom al sy versoeke toegestaan sodat hy kon lewe soos hy wou volgens die wet van יהוה, sy God.

Luk 2:23 "net soos geskrywe is in die wet van יהוה:.....

[Verwysend na die Tanakh]

In die Skrif is die volheid van die wet:

Neg 1:7 "Ons het nie al die opdragte, of die instellings, of die wette wat U aan Moshe, U dienskneg, beveel het, gehou nie."

Neg 9:13 "U het ook afgekom op die berg Sinai en met hulle gepraat vanuit die hemel en aan hulle die regte oordele, wette van waarheid, goeie instellings en opdragte gegee."

ועל הר סיני ירדת ודבר עמהם ' שמים  
ותתן ' שפטים להם ' שרים ותורות  
אמת חקים ומצות טובים:

- TORAH תרה / תורה - Wet – Instruksie - rigting
- MITZVAH מצוה - Opdrag - bevel
- GUK(KAH) קה - Instelling - voorskrif - verordening
- MISHPAT משפט - korrekte oordeel
- YESHUA ישוע - **Rom 11:27** - Verkorte vorm van ' יהוה ons Verlossing.'



## DOEL VAN DIE WET.

### Die Stelling:

Ek word nie gered deur die wet nie.

**Efe 2:8-10** want dit is vanuit Sy onverdiende guns dat ons gered is, deur die vertrouwe en dit is nie uit julleself nie, dit is ‘n geskenk van God. 9 Nie deur daade nie sodat niemand kan roem nie, 10 want ons is Sy skepsele, wat geskape is in Die Gesalfde Een, Yeshua, vir die goeie daade wat God van die begin af vir ons voorberei het om in te leef.

**Ya'a 2:23-24** Die Skrif is vervul wat sê: “Avraham het God vertrou en dit is hom tot onpartydigheid en opregtheid gereken en hy is ‘n vriend van God genoem.” 24 Sien julle dat die mens onskuldig verklaar word deur daade en nie alleen deur die ‘geloof’ nie?

**Open 19:6-9** Ek het ‘n geluid gehoor soos die van ‘n groot menigte, soos die geluid van baie water en soos die geluid van magtige donderslae wat sê: “Lofprys יהוה alleen, want יהוה-God, wat alles vashou, heers. 7 Ons verheug ons en vier fees. Ons gee aan Hom die eer, lof en aanbidding, want die bruilof van die Lam het gekom en Sy vrou het haarself gereedgemaak. 8 Skoon en glansende fyn linne is aan haar gegee om aan te trek, want fyn linne is die opregtheid van die afgesonderdes.” 9 Hulle sê vir my: “Skryf: Geseënd is die wat geroep is na die feesmaal by die bruilof van die Lam.” Een sê vir my: “**Hierdie is die ware boodskap van God.**”

## Die stelling:

**Net een wet is geldig: die wet van liefde.**

**Mar 12:29-31** Yeshua antwoord hom: “Die eerste van al die opdragte is: ‘Luister, Yisra’el, יהוה is ons God, יהוה is Een’ 30 en: ‘jy moet יהוה, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie; vanuit jou hele gees; vanuit al jou begrip en verbeelding en vanuit al jou krag.’ Dit is die eerste opdrag en die tweede, wat net soos hy is, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander opdrag groter as hierdie nie’.”

**Yog 14:15** As julle My liefhet, voer voortdurend My opdragte uit.

**Yog 15:14** Julle is My vriende as julle alles sal doen wat Ek julle beveel.

**1Yog 5:2-3** Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en Sy opdragte uitvoer, 3 want dít is die liefde vir God, dat ons Sy opdragte uitvoer en Sy opdragte is nie ‘n las nie,

# DIE OMVANG VAN DIE WET

## Die stelling:

### Wat van tradisies, die mondelinge wet en gebruike?

Eks 34:27, 28 - יהוה het ook vir Moshe gesê: “**Skryf hierdie woorde neer**, want volgens hierdie woorde het Ek ‘n verbond gesluit met jou en met Yisra’el.” 28 Hy was daar by יהוה veertig dae en veertig nagte; hy het geen brood geëet en geen water gedrink nie en Hy het die woorde van die verbond op die tafels geskryf: die tien opdragte.

Deut 29:1 - Hierdie is die woorde van die verbond wat יהוה Moshe beveel het om met die kinders van Yisra’el te sluit in die land Mo’av, **bo en behalwe** die verbond wat Hy met hulle by Horev gesluit het.

Rom 11:25-27 Ek wil hê, my broers, dat julle hierdie geheimenis moet ken sodat julle nie wys mag wees in julle opinie van julleself nie: dat die verblinding gedeeltelik oor Yisra’el se verstand, wil en emosie gekom het, totdat die volheid van die ander nasies ingegaan het 26 en dan sal die hele Yisra’el gered word, soos geskrywe is: “Die Verlosser sal uit Tziyon kom en sal die boosheid wegdraai van Ya’akov af 27 en **dan sal My verbond, wat uit My Teenwoordigheid kom, met hulle wees, wanneer Ek hulle sondes vergewe.**”

## DUUR VAN DIE WET

### Die stelling:

**Die wet is gegee as straf, is net vir die Jode, is onmoontlik om na te kom en het verval.**

**Yes 42:20-21 - Jy het baie dinge gesien, maar jy neem hulle nie waar nie; jou ore is oop, maar niemand hoor nie.” 21 Dit het יהוה behaag ter wille van Sy onpartydigheid en opregtheid om die wet groot en eer- en lofwaardig te maak.**

**Rom 7:12 Daarom is die geskrewe wet afgesonderd en die opdragte is afgesonderd, regverdig en goed.**

**Mat 5:15-20 - Hulle steek nie ‘n lamp op en sit dit onder ‘n mandjie nie, maar op ‘n staander sodat dit vir almal wat in die huis is, lig gee. 16 Laat julle lig op dieselfde manier skyn voor mense sodat hulle die goeie dinge wat julle doen, kan sien en julle Vader wat in die hemel is eer, lof en aanbidding bring. 17 **Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete te vernietig nie.** Ek het nie gekom om te vernietig nie, maar om volledig te maak, 18 want dit is waar wat Ek vir julle sê: ‘Totdat die hemel**

en die aarde verby sal gaan, sal nie een ‘yud’ of een ‘strepie’ van die wet verbygaan, voordat dit alles klaar gebeur het nie.’

19 Enige een, wat daarom aan een van die minste van hierdie opdragte ongehoorsaam is en ander só leer, sal die minste genoem word in die Koninkryk van die hemel, maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die Koninkryk van die hemel, 20 want Ek sê vir julle dat, as julle onpartydigheid en opregtheid nie baie meer is as dié van die leraars van die wet en die Fariseërs nie, julle sekerlik nie in die Koninkryk van die hemel sal ingaan nie!

## Sha'ul, eerste Kerk en die wet

### Die stelling:

**Sha'ul het die wet afgemaak en verwerp.**

**Hand 24:14** - tog erken ek voor u, dat ek volgens die leer waarvan hulle praat, die God van my vaders dien, terwyl ek voortgaan om alles te vertrou wat in die wet en in die profete geskrywe is,

**Rom 2:13** - want dit is nie die hoorders van die geskrewe wet wat by God onskuldig is nie, maar die wat die wet doen, word onskuldig verklaar.

**Rom 3:31** Verwyder ons daardeur die geskrewe wet deur vertrou? 'n Verwerplike gedagte! Inteendeel, **ons bevestig die wet.**

In die volgende lesing oor die wet kyk ons na Wettiesheid teenoor gehoorsaamheid.